

14 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 17
Fokusgedeelte: Johannes 17:4, 24

Jesus bid vir ons oorwinning!

Dit is nou laataand op Paasvrydag. Jesus het vroeër die aand sy dissipels se voete gewas, paasfees saam met sy dissipels gevier en die brood vir Judas gegee

Maar Hy doen daardie aand meer as dit. Die aand laat, net voor Hy gaan sterf vir die sonde van almal wat Hy so tot die uiterste liefhet, gaan staan Hy tussen sy dissipels. Dit word stil in die vertrek. Hulle het reeds so baie belewe. Maar hulle voel aan dit is nog nie klaar nie. Jesus versoek hulle: Kom ons bid nou saam. Jesus bid.

Die gebed bestaan uit twee groot dele: verse 1-8, waar Jesus soos die hoëpriester altyd moes doen, eers vir Homself bid. Dan verse 9-26: Jesus se voorbeding vir ons.

Wat die diepste tref in die eerste deel van die gebed, is die onwrikbare gebedsekerheid. Ons hoor niks van 'n versugting, somberheid, wanhoop van 'n idealis wie se drome aan skerwe lê nie. Hy het die toekoms wat voor ons lê, vir ons oopgemaak. Daarom ook die tweede deel. Ons staan elke dag van ons lewe midde-in 'n ongenadige en meedoënlose wêreld wat ons kasty en uitmergel.

Ons Hoëpriester se gebed is nie egter net vir ons 'n voorbeeld van hoe ons midde-in die worstelinge en stryd moet vorentoe kyk en ons koppe ophou, omdat ons kan weet dat ons reeds oorwinnaars is, nie. Ons mag nou reeds leef, onder al die druk, die smart en onsekerheid van 'n gevaarlike wêreld, met 'n heerlike sekerheid: Jesus het in sy testament vir ons 'n erfdeel by sy hemelse Vader op die nuwe aarde beskik. Hy het dit klaar gekoop en klaar betaal. Ons kan nou reeds leef soos mense wat nie vir hulle self 'n erfporsie hoef uit te werk en te verdien nie. Ons hoef nie elke dag in 'n kompetisie gewikkel te wees nie. Ons kan net vorentoe gaan en ons koppe optel, want ons gaan 'n seker toekoms tegemoet.

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 4

Dr. ME Schalekamp (Roodepoort)